



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 30

25 Julie 2021

AAN GOD DIE EER!

O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele, hoe onnaspeurlik Sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?

Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid! (Rom 11:33-36)

My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is My optrede verhewe bo julle gedagtes.

Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet.

So sal die Woord wat uit My mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het. (Jes 55:8-11)

Wie het die waters in die holte van Sy hand afgemeet, met die breedte van Sy hand die maat van die hemel bepaal, met 'n maatmer die grond van die aarde afgemeet, met 'n skaal die berge en die heuwels geweeg?

Wie kan die Gees van die Here peil, wie kan Sy raadgewer wees? Vir wie raadpleeg Hy dat dié Hom tot insig sou bring en Hom sou leer wat om te doen? Wie leer Hom en onderrig Hom dat Hy met insig kan optree? (Jes 40:12-14)

Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en Sy insig is ondeurgrondelik.

Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie. (Jes 40:29-30)

Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik? Jer 32:27)

Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie. Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek.

Ek roep 'n roofvoël uit die ooste, uit 'n ver land roep Ek 'n man wat My besluit sal uitvoer. Ek het dit gesê, en Ek sal hom laat kom, Ek het dit beplan en Ek sal dit doen. (Jes 46:9-11)

Ons Verlosser is die Heilige van Israel, Sy Naam is die Here die Almagtige! (Jes 47:4)

Net van Hom kom daar redding en krag!

Laat ons Hom loof vir wie Hy is!!!

Op wie vertrou jy?

Dankie!

- Dat ons hulp van die Here, die Almagtige kom!
- Ook vir almal wat genesing ontvang het en herstel het van covid, operasies en ander siektetoestande!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir almal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente. Daar is só baie mense.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!
- Vir die genesing en herstel van ons land.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
 - Maria Steyn – vir volkome genesing.
 - Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
 - Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
 - Ria Putter – vir volkome genesing.
 - Thea Bosman – vir volkome genesing.
 - Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
 - Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
 - Tannie Marinda Jordaan – was weer in hospitaal vir n operasie. Vir volkome herstel.
 - Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
 - Johan Kotze – Vir volkome herstel en genesing.
- Ons innige simpatie met Liza, kinders, familie en vriende met die afsterwe van Mel Wilmans.

Gedagte vir die week:

Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. Ef 6:10

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

